**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. 675/2004

In die hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

En

**<u>ZIKHALI SIBEKO</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **VAN COPPENHAGEN *et* WRIGHT, RR**

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** **WRIGHT, R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **20 MEI 2004**

---

Die beskuldigde is skuldig bevind aan veediefstal van een skaap en gevonnis tot ‘n boete van R500,00 of drie maande gevangenisstraf. ‘n Verdere ses maande gevangenisstraf is opgeskort vir vier jaar onderhewig aan gepaste voorwaardes.

Dit blyk dat die beskuldigde ‘n 65-jarige eerste oortreder was. Hy het ook skuldig gepleit en in besonderhede vertel van hoe hy die skaap geslag het en huis toe geneem het en dit gekook het. Daarna is hy gearresteer.

Hy het ‘n opgeskorte vonnis versoek en vermeld dat hy werkloos is en nie ‘n pensioen kry nie. Sy vrou is ook oorlede, sy kinders is uit die huis uit en hy het berou oor wat hy gedoen het.

In hierdie saak is die uitstaande feit dat die beskuldigde ‘n 65-jarige eerste oortreder is. Gewoonweg sou daar in dié omstandighede ‘n totaal opgeskorte vonnis opgelê word. Die vonnis van R500,00 of drie maande gevangenisstraf is egter nie buitensporig nie. Ek kan egter glad nie verstaan waarom daar nog ‘n opgeskorte vonnis van ses maande gevangenisstraf opgelê is nie. Indien daar geen boete opgelê is nie en die beskuldigde nie hierdie strafversagtende omstandighede gehad het nie, sou ‘n vonnis van hoogstens ses maande gevangenisstraf seker opgelê gewees het.

In die lig van bogemelde faktore is die opgeskorte gedeelte van die vonnis sodanig onvanpas dat daarmee ingemeng behoort te word.

Bygevolg word die skuldigbevinding bekragtig, maar die vonnis tersyde gestel en vervang met die volgende:

**‘n Boete van R500,00 of drie (3) maande gevangenisstraf.**

**G.F. WRIGHT, R**

**EK STEM SAAM**

______________________________

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

/scd